

COVID-19 RIGLYNE VIR INFORMELE HANDELAARS (op straat, in markte en spaza winkels)

COVID-19 is hoogs aansteeklik.

Dit versprei deur kontak met mense wie die virus het – selfs die wat lyk of hulle nie simptome het nie. COVID-19 word hoofsaaklik deur klein druppeltjies versprei uit iemand se mond en neus wanneer hulle hoës of nies of praat.


Die virus versprei in plekke waar daar baie mense is en die lug nie baie beweeg nie. Die besmette druppeltjies waai vinnig weg as mens buitekant is, veral as daar bietjie wind waai. Dit maak dit baie onwaarskynlik dat mens met die virus besmet word.

COVID-19 kan ook versprei deur aan besmette oppervlaktes te raak, en dan aan jou oë, mond of neus te vat. Die virus klou aan oppervlaktes vas, en kan vir ure en selfs dae oorleef op banknote, klere en ander voorwerpe.

Ouer mense (oor die ouderdom van 60), mense met suikersiekte, hoë bloeddruk, hartkwale, HIV/VIGS of kanker, en swanger vroue het veral 'n hoë risiko as hulle COVID-19 opdoen.

As jy of iemand met wie jy saamwoon ouer is, swanger is, of enige van die kwale het, moet jy ekstra voorsorgmaatreëls neem.

As jy die volgende simptome het, mag jy dalk COVID-19 hê, wat beteken dit is nie vir jou veilig om by die werk te wees nie en jy kan ander mense aansteek:



Meeste mense wat met COVID-19 aangesteek is, kan by die huis herstel. As jy hoës, hoë koors en 'n seer keel het, en as jy sukkel om asem te haal, soek mediese aandag. Kyk [hier](#) vir meer inligting oor die tekens en simptome.

As jy of jou familie simptome ontwikkel, skakel die 24-uur tolvrye nommer 0800 029 999

As veiligheidsriglyne gevolg word, kan informele handelaars net so veilig soos formele handelaars handeldryf:



1 Dra 'n gesigsmasker van materiaal wat jou mond en neus bedek. Vermy dit om aan die masker te raak. Was en stryk dit elke dag. Probeer meer as een hê sodat jy elke dag 'n skoon een het. Dring daarop aan dat kliënte ook maskers dra. Oorweeg dit om 'n gesigskerm te dra om jou oë te beskerm.



2 Vermei dit om aan jou gesig te raak – veral jou oë, mond en neus. As jy hoës of nies, bedek jou gesig met die binnekant van jou elmboog.



3 Vermei dit om aan mense te raak. Moenie mense groot deur aan hulle te raak nie. Bly twee meter weg van mense. As dit onmoontlik is, dan ten minste 'n armlengte.



4 Was jou hande gereëld met seep en water.




- Was jou hande vir ten minste 20 sekondes. Maak alle dele van jou hande en vuiste skoon. Was tussen jou vingers, jou vingerpunte, en halfpad teen jou arms op.
- Was jou hande voor jy jou werksdag begin, gedurende die dag, en veral voor jy eet.
- Was jou hande na jy hoës of nies.
- Was jou hande na enige handel met kliënte (produkte of kontant).
- Was jou hande sodra jy by die huis kom.

5

Straat- en markhandelaars moet twee meter van mekaar af handel dryf, dus moet plaaslike owerhede buigsam wees met die uitleg en lokasie van handelsplekke.

6

Kliënte moet twee meter van mekaar af bly, deur tou te staan langs stalletjies of buite spaza winkels. 'n Eenvoudige manier om mense te wys waar om tou te staan en hoe ver van mekaar af te staan is om lyne op die grond te trek.



7

Gee voorkeur aan hoë-risiko kliënte (soos pensionarisse, mense met gestremdhede en swanger vroue) wanneer hulle toustaan.

8

Vra kliënte om nie aan produkte te raak nie.



9

Maak alle oppervlaktes wat baie aangeraak word met ontsmettingsmiddel skoon. Dit sluit jou selfoon asook deurhandvatsels en handrelings in.
Straat- en markhandelaars: Maak tafels en alle items wat nie kos is nie, met ontsmettingsmiddel skoon.
Spaza winkel eienaars en werkers: Vee oppervlaktes soos toonbanke, kasregisters en handvatsels met ontsmettingsmiddel skoon.
Spuut kliënte se hande met saneermiddel.

10

Vermy dit om kontant te hanteer: Moedig kliënte aan om kontant in 'n koevert, doos of fles te sit. COVID-19 druppeltjies kan op note en munte wees. Oorweeg dit om vandag se geld apart te hou van gister s'n. Was jou hande of gebruik saneermiddel tussen kliënte. Gebruik digitale betaalopsies waar moontlik. Oorweeg dit om vir [Snapscan](#) of [Zapper](#) aansoek te doen. As jy kaartbetaling toerusting het, maak dit met bleikmiddel skoon voor en na elke gebruik.

11

Hergebruikte plastieksakke kan die virus oordra. Moenie aan kliënte se plastieksakke raak nie, en as jy plastieksakke voorsien, moet hulle nie hergebruik nie.

Hoe om jou eie ontsmettingsmiddel te maak:

As jy nie ontsmettingsmiddel het nie, is 6 teelepels bleikmiddel in 1 liter water 'n effektiewe ontsmettingsmiddel vir oppervlaktes.



Hoe om 'n wasstasie te bou:

As jy nie lopende water vir jouself en jou kliënte op jou perseel het nie, oorweeg dit om 'n wasstasie te bou. Sien instruksies [hier](#).



INFORMELE HANDELAARS HET DIE REGERING NODIG OM:

NIE SKADE TE DOEN NIE:

- Polisie en ander handhawingsamptenare moet ophou om handelaars te teister.
- Verbied konfiskering van handelaars se goedere gedurende die inperking.

VEILIGE HANDELDRYF TE FASILITEER:

- Voorsien onbepaalde waterpunte sodat handelaars hulle hande, werksplekke en produkte gereëld kan was.
- Voorsien dringend ontsmettingsmiddels en/of bleikmiddels.
- Wees buigsam oor die uitleg van handelsspasies sodat straat- en markhandelaars fisiese distansieëring kan beoefen. Sommige plaaslike owerhede het strate as handelsspasies toegeken.
- Voorsien gesondheidsstoetsing by handelsplekke.

VEREENVOUDIG LISENSIEËRING EN SKORT FOOIE OP:

- Maak die uitreiking van perмите eenvoudig en billik.
- Skort handelsfooie op terwyl handelaars hulself herstel.

VOORSIEN INKOMSTEONDERSTEUNING EN TOELAE:

- Informele handelaars veral, ly onder die maatreëls om COVID-19 in te perk en het direkte inkomsteondersteuning nodig.
- Handelaars het hulle laaste spaargeld gedurende die inperking gebruik en het kontant nodig om weer te begin handel dryf.

HOU GEREËLDE VERGADERINGS TUSSEN HANDELAARS EN REGERINGSAMPTENARE:

- Handelaars moet betrokke wees met beplanning en beleidsbesluite wat hulle affekteer. Soos StreetNet International sê, 'niks vir ons sonder ons nie'.

KEN JOU REGTE:

Selfs onder die huidige inperking moet alle regerings-amptenare die reg tot regmatige administratiewe aksie respekteer wanner hulle lisensies uitreik of herroep, handelsfooie aanpas, handelsspasies toeken, goedere konfiskeer, en handelaars uitsit of skuif.

Enige aksie deur 'n munisipale of regeringsamptenaar is 'n administratiewe aksie, en volgens die wet moet dit "geregtelik" wees. Die reg word deur die Konstitusie beskerm (S33) en word uitgebrei in die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtheid (WBAG) 3 van 200.

OM "GEREGTIG" TE WEES MOET HIERDIE AKSIES:

- **WETTIG WEES.** Amptenare moet binne die wet optree, moet gemagtig wees om op te tree en mag nie hulle gesag oorskry nie.
- **REDELIK WEES:** Optrede en besluite moet redelik wees en moet aan die doel gekoppel wees.
- **PROSEDUREEL BILLIK WEES.** Dit moet die reg tot 'n verhoor en betekenisvolle konsultasie insluit en besluitneming moet onbevooroordeeld wees.

BELANGRIK: As 'n amptenaar jou goedere konfiskeer, moet hulle vir jou 'n kwitansie gee. Die kwitansie moet 'n volledige lys wees van die goedere, die adres waar dit gaan gestoor word, en hoe lank dit gaan gestoor word.

As jou regte geskend word, bel die regsondersteuningslyn 066 076 8845

OM JOUSELF TE BESKERM, MAAK SEKER DAT JY:

- Die gesondheidsriglyne volg.
- Altyd 'n kopie van jou permit en jou dokumente aan jou het.
- Op datum bly met die permitvereistes. Hierdie mag gedurende verskillende stadiums van die inperking verander.


AS 'N AMPTENAAR 'N BESLUIT NEEM WAT JOU AFFEKTEER:

- Vra hulle vir redes.
- Vra hulle watter wet hulle die reg gee om op te tree.
- Neem fotos of video van optrede soos die konfiskering van goedere.

Vir meer inligting oor hoe om administratiewe wet te gebruik om die regte van informele handelaars te beskerm, sien [hierdie WIEGO boekie](#).



Vir inligting oor handelaars se algemene regte, sien [hierdie SERI handleiding](#).



BEKOM FINANSIELE ONDERSTEUNING

As jy nie kan werk nie, kan jy aansoek doen vir die spesiale COVID-19 Sosiale Verligting van Noodtoelae van R350 per maand. Vluchtelingen, asielsoekers en mense met spesiale bedeling perмите kan aansoek doen tot die einde van Oktober 2020.

Vir meer besonderhede, sien <https://srd.sassa.gov.za/>.



Hierdie riglyne is ontwikkel deur WIEGO in konsultasie met kenners in publieke gesondheid en die informele ekonomie/voedselsisteme (Prof. Rajen Naidoo en Prof. Leslie London). Julie 2020.

